

Stigting van die Vaalhartsbesproeiingskema as heenkome vir hawelose armlankes

R.T.J. Lombard

Instituut vir Geskiedenisnavorsing
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

OP DINSDAG 5 April 1938 het die eerste nedersetter met sy gesin op die Vaalhartsbesproeiingskema aangekom.¹ Hierdie datum word dus aanvaar as die begin van die skema en daarom is die vyftigjarige bestaan daarvan feestelik in April 1988 herdenk. Tog was dit nie die begin van die besproeiingskema nie. In 1934 is reeds met die bou van die damme en kanale begin en selfs dit is deur jare se beplanning en voorbereiding voorafgegaan. Dit is egter gepas dat April 1938 as die begin van die skema beskou word, want in daardie stadium het dit vir die eerste keer funksioneel geword.

Die hele onderneming wat eers bekend gestaan het as die Vaalrivierontwikkelingskema is oorspronklik beplan vir die hervestiging en opheffing van hawelose armlankes. Met die vestiging van die eerste boere en die begin van die landbou, het die klem egter na die Vaalhartsbesproeiingskema verskuif. Hierdie artikel handel in hoofsaak oor die beplanning en bou van die skema tussen 1934 en 1944 toe die eerste Blanke nedersetters hulle daar gevestig het.²

DROOGTE EN DEPRESSIE

Die ernstige ekonomiese krisis, depressie en droogte wat Suid-Afrika in die vroeë dertigerjare getref het, het teen 1933 ontstellende afmetings aangeneem en die regering genoop om drastiese maatreëls te tref. In 'n poging om die landsvraagstukke gesamentlik aan te pak, is in die begin van 1933 'n koalisieregering tussen die Nasionale Party (NP) en die Suid-Afrikaanse Party (SAP) gevorm wat in Junie 1934 tot samesmelting en die stigting van die Verenigde Party gelei het.³


Uit die verslag van die Carnegie-kommissie oor die armlankevraagstuk wat in 1932 vrygestel is, het dit geblyk dat daar reeds 'n kwart miljoen (hoofsaaklik Afrikaanssprekende) armlankes was en dat hulle getalle steeds toegeneem het.⁴ Die droogte van 1933 het talle boere, veral bywoners, finaal gebreek. Die stede was reeds oorlaai met werkloos en het geen heenkome meer gebied nie. Om die toestand te verlig, het die regering dus besluit om onverwyld met die bou van 'n besproeiingskema in die Hartsriviervallei te begin.

DIE HARTSRIVIERVALLEI — EN VROEË POGINGS

Die Hartsrivier ontspring naby Lichtenburg in Wes-Transvaal en vloei in 'n suidwestelike rigting by Sannieshof, Migdol en Schweizer-Reneke verby. By Taung sluit dit by die Droëharts aan en 130 kilometer verder vloei dit by Delportshoop in die Vaalrivier.

Van Taung af lê die rand van die Ghaap-plato net wes van die Hartsrivier en aan die oostekant van die rivier is 'n gelyk vlakke wat van ses tot tien kilometer van die rivier af strek, met 'n geleidelike val daarheen. Aan die oostekant van die vlakke loop 'n reeks rante wat die oostelike platorand van die Hartsvallei vorm. Die grond bestaan grotendeels uit Kalahari-waisand waarvan die diepte van enkele sentimeter tot 'n paar meter wissel. Naby die rante is die ondergrond dolomiet maar nader na die rivier en veral in die suidelike deel van die vallei is dit hoofsaaklik bros kalksteen.⁵

Reënval in die streek is meestal van November tot Maart en wissel van 380-450 millimeter per jaar. Grasveld vorm die natuurlike plantegroei en word afgewissel deur volop



vaalbos (*Tarchonanthus camphoratus*), rosyntjiesbos (*Grewia flava*), kameeldoring (*Acacia giraffae*), soetdoring (*Acacia karroo*) en ander inheemse doringbome en -struik. Sedert gallamsiekte in die 1920's onder beheer gebring is, is dit

¹ *Die Volksblad*, 8.4.1938. Volgens die notule van 'n vergadering van die kontrolekommissie op 23-26 Februarie 1943 het G.J. Oberholzer op 4 Februarie 1938 en J.G. Noeth op 5 April 1938 op die skema aangekom. Departement Landboukrediet en Grondbesit, Pretoria (DLG), lêer 411/202 vol. I: Uitpassering van proefhuurders, p. 95. Volgens mondelinge oorlewering was J.M. Rabie egter die eerste nedersetter wat 'n perseel ontvang het.

² Die skrywer is 'n seun van een van die eerste nedersetters, G.W. Lombard. Heelwat inligting in hierdie artikel berus gevolglik op die skrywer se eie herinneringe. Gedurende 1986 en 1987 het hy ook onderhoude met 30 ou inwoners van die skema gevoer. In Mei 1988 het die Departement Landboukrediet en Grondbesit feitlik al die lêers vernietig wat vir die studie geraadpleeg is.

³ B.M. SCHOEMAN, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976* (Pretoria, 1977), p. 175 e.v. Die Verenigde Party se oorspronklike naam was die Verenigde Suid-Afrikaanse Party.

⁴ P. DU TOIT, *Verslag van die Volkskongres oor die armlankevraagstuk gehou te Kimberley, 2-5 Oktober 1934* (Kaapstad, 1934), p. 11.

⁵ UNION OF SOUTH AFRICA (USA), *Outline report by the Director of Irrigation on the Vaal River Development Scheme* (Kaapstad, 1934), bylae 3-5 (pp. 10-17).

uitstekende beeswêreld. Akkerbou onder droëlandtoestande is al op klein skaal toegepas, maar vanweë die lae en wisselvallige reënval is die risiko baie hoog. Die Hartsvier se afloop is te min en te sporadies vir enige noemenswaardige besproeiing.

Die unieke topografie van die gebied sou 'n deurslaggewende rol in toekomstige ontwikkelinge speel. Feitlik van Vryburg af lê die Droëhartsvlei laer as die bedding van die Vaalrivier by Veertien Strome. Dieselfde geld vir die Hartsvlei van Taung af. By Brusselstasie, 20 kilometer suid van Vryburg en 105 kilometer noord van Veertien Strome, lê die Droëhartsvlei byvoorbeeld 55 meter laer as die bedding van die Vaalrivier by Veertien Strome. Die rif wat die waterskeiding tussen die Vaal- en die Hartsvier vorm, het naby Veertien Strome 'n lae nek wat slegs agt meter hoër as die bedding van die Vaalrivier is. Hier sou 'n kanaal deur-gewrae kon word om die hele Hartsvleivlakte tot noord van Taung te besproei.⁶ Wat die verbeelding van ingenieurs, ekonome en politici die meeste aangegryp het, was dat dit die grootste enkele besproeibare oppervlakte in die land was.

Toe hierdie gegewens in die 1870's aan die lig kom, het die bekende ryksbouwer, Cecil John Rhodes, en die landmeter van Griekwaland-Wes, F.H.S. Orpen, van 'n besproeiingskema in die Hartsvlei begin droom. Gedurende 1881/1882 het die Kaapse parlement die gebied laat opmeet en 'n plan is opgestel om water van die Vaalrivier met 'n kanaal van Veertien Strome af na die Hartsvleivlei te lei. Ofskoon die Kaapse parlement hom in 1886 ten gunste van die skema uitgespreek het, het die nodige fondse daarvoor ontbreek. Daar is gevolglik besluit dat alle kroongrond in die gebied oorgedra sou word aan enige private maatskappy wat bereid was om die skema tot bevrediging van die regering uit te voer. 'n Konsessie is daarop aan 'n maatskappy toegestaan wat die saak verder ondersoek het. Fondse vir die projek waarvan die koste op £130 000 beraam is, kon steeds nie gevind word nie. In 1898 is weer op die moontlikhede van die projek ingegaan, maar met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 is dit andermaal op die langebaan geskuif.⁷

Na die oorlog het die regerings van die Kaapkolonie, die Oranjerivierkolonie en Transvaal afsonderlik ondersoek ingestel na moontlikhede om die Vaalrivier se water beter te benut. Hoewel reeds in 1890 met 'n besproeiingskema by Douglas begin is, was daar in die Vaalrivierlei self nêrens 'n geskikte plek vir die aanlê van 'n besproeiingskema nie. Die Kaapkolonie en Transvaal het dus hoofsaaklik die moontlikhede van die Hartsvlei ondersoek. Twee plekke vir die bou van 'n opgaardam in die Vaalrivier is oorweeg, naamlik net onderkant die samevloei van die Vaal- en Wilgerrivier, met 'n uitkeerwal noord van Veertien Strome, of by Kromellenboog tussen Bloemhof en Christiana met 'n kanaal wat parallel met die rivier tot by Veertien Strome loop en dan noordwaarts wegswaai. Hoë koste het weer eens die hele projek skipbreuk laat ly.⁸

Uniewording het gesamentlike beplanning moontlik gemaak en sedert 1920 is verskeie aspekte van die ontwikkeling van die Vaalrivier voortdurend ondersoek. Voorkeur is gegee aan 'n opgaardam by Kromellenboog wat besproeiing aan weerskante van die rivier sowel as in die Hartsvleivlei moontlik sou maak. In Kimberley is selfs 'n besproeiingskomitee gestig wat hom vir die bou van die skema beywer het. Teen 1930 het die regering egter nog geen besluit daaroor geneem nie.⁹

Op 1 November 1933 het die koaliesiekabinet £20 000 bewillig om onmiddellik met die ontwikkeling van die Hartsvleiskema te begin. Die volgende dag het kol. Deneys Reitz, die minister van Lande, die kabinet se besluit op 'n

vergadering in Kimberley bekend gemaak en gewaarsku dat geen spekulasie met grond in die gebied geduld sou word nie. Vooraansende Noord-Kapenaars soos W.B. Humphreys, LV van Beaconsfield, ds. J.A. van Blerk van Warrenton, S.A. Hunt, 'n boer, en F.W. Mowbray van die Kimberleyse Kamer van Koophandel wat die vergadering op uitnodiging bygewoon het, het die aankondiging geesdriftig verwelkom. Mowbray het daarop gewys dat as die regering tien jaar vroeër op die voorstelle van die Kimberley Irrigation Committee gereageer het, die toestand in Griekwaland-Wes nie so haglik sou gewees het nie.¹⁰

BEPLANNING EN BESINNING

In die begin van 1934 het die regering 'n witskrif en 'n konsepwetsontwerp aan die parlement voorgelê waarvolgens twee damme gebou sou word: 'n groot opgaardam (die latere Vaaldam) by Vaalbank onderkant die samevloei van die Vaal- en Wilgerrivier, 32 kilometer stroom op van Vereeniging en 'n uitkeerdam ses kilometer noord van die treinbrug by Veertien Strome. Die redes vir die bou van die opgaardam bokant Vereeniging en nie by Kromellenboog nie, was onder meer dat die Randwaterraad wat 'n studam by Vereeniging gehad het, aan die begin van die dertigerjare begin soek het na 'n plek om 'n opgaardam hoër op in die rivier te bou. 'n Dam bokant Vereeniging sou dus ook voorsien in die behoeftes van die Randwaterraad wat 'n kwart van die beraamde boukoste (£240 000) sou bydra. Verder sou so 'n dam in die Vaal- en die Wilgerrivier opstoot en 'n baie groter hoeveelheid water opgaan as een by Kromellenboog. Die boukoste in verhouding tot die hoeveelheid water wat opgegaan word, sou ook laer wees. 'n Dam laer af in die rivier sou vinniger toeslik omdat die water daar meer slik bevat.¹¹

Nog 'n faktor ten gunste van 'n dam bokant Vereeniging was dat dit die Vaalrivier van daardie punt af tot waar dit in die Oranjerivier vloei, in 'n standhoudende stroom sou verander en alle oewerbewoners en dorpe naby die rivier tot by Kimberley en Douglas voordeel daaruit sou trek. Volgens 'n verslag van die Departement van Lande in 1934 was die watervoorsiening by Douglas, veral in die wintermaande, juis baie onbevredigend. 'n Dam by Kromellenboog sou die soutpan, 'n gedeelte van die pad en spoorlyn daar, sowel as 'n deel van Bloemhof oorstrom. Ten slotte is aangevoer dat alhoewel 'n opgaardam hoër op in die rivier 'n uitkeerdam by Veertien Strome noodsaaklik maak, dit die bou van 'n lang stuk kanaal van Kromellenboog af tot by Veertien Strome sou uitskakel.¹²

Van die uitkeerwal bokant Veertien Strome af sou 'n kanaal aangelê word wat in 'n noord- en weskanaal verdeel nadat dit deur die lae nek by die waterskeiding sny. Die noordkanaal, die grootste, sou al langs die rante loop wat die oostelike platorand van die Hartsvlei vorm. Daarvan-

⁶ *Ibid.*

⁷ *Ibid.* Vir 'n breedvoeriger beskrywing van die vroeë geskiedenis, kyk K. SHILLINGTON, *Irrigation, agriculture and the state: the Harts Valley in historical perspective*, in W. BEINART, P. DELIUS en S. TRAPIDO (reds.), *Putting a plough to the ground — accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930* (Johannesburg, 1986).

⁸ SHILLINGTON, *Irrigation, agriculture and the state*, pp. 327-328.

⁹ UNION OF SOUTH AFRICA (USA), *Debates of the House of Assembly*, 15.4.1930, kol. 3204; *Diamond Fields Advertiser*, 3.11.1933.

¹⁰ *Diamond Fields Advertiser*, 3.11.1933.

¹¹ USA, *Outline report*. Die konsepwetsontwerp het later bekend gestaan as die "Vaalrivier Uitbreidingskema Wet, 1934" (Wet 38 van 1934).

¹² U.G. 22:34, *Report of the Department of Lands, 1932-1933* (Pretoria, 1933), p. 110. Kyk ook USA, *Outline report*.

daan sou die water deur 'n stelsel van kleiner kanale oor die vallei versprei word. Voordat die hoofkanaal deur die waterskeiding gaan, sou daar ook 'n kleiner kanaal na die suide in die rigting van Klipdam en Barkly-Wes wegdraai. Al die kanale sou met beton uitgevoer word om water te bespaar en onderhoudskoste te verminder.¹³

Teen die begin van 1934 was die opname van die grond nog nie klaar nie, maar daar is bereken dat meer as 40 000 hektaar vir besproeiing beskikbaar sou wees waarop byna 2 000 boere gehuisves kon word. Saam met hulle afhanklikes sou dit dus 'n heenkome vir ongeveer 10 000 armblankes kon bied. Byna 14 000 hektaar van die beste besproeibare grond het binne die reservaat vir Swart stamme by Taung geval. Daar is egter vroeër met die stamhoofde ooreengekom dat die helfte van die grond van hulle geruil sou word vir grond noord van die reservaat. Vir die oorblywende helfte sou hulle gratis water vir besproeiing ontvang.¹⁴

Een van die groot voordele van die gebied was dat die hoofspoorlyn van Kaapstad, oor Kimberley, Warrenton en Mafeking (Mafikeng) na Rhodesië (Zimbabwe) in sy lengte deur die skema sou loop. Vervoer sou dus geen probleem tydens die konstruksie van die skema of vir latere boerderybedrywighede wees nie. Die koste van die stoordam is op £900 000 en die uitkeerdam en kanale op £2 600 000 bereken — 'n totaal dus van ongeveer £3½ miljoen.¹⁵ Hiervan sou 75% deur die staat afgeskryf word.¹⁶

Die minister van Lande, kol. Deneys Reitz, wat die "Vaalrivier Uitbreidingskema Wet" in 1934 aan die parlement voorgelê het, was baie opgewonde oor die skema en het sy inleidingstoespraak by die tweedelesingsdebat met hierdie woorde afgesluit:

It is a scheme that appeals to the imagination. It is an inter-provincial scheme which affects and will benefit three provinces. It will be the biggest scheme in the southern hemisphere. It will be the biggest undertaking the Union has ever seen.¹⁷

Oor een deel van die skema, naamlik die bou van 'n groot opgaardam (die latere Vaaldam) was daar in die parlement algemene eenstemmigheid. Almal was van mening dat dit 'n groot bate sou wees wat die land kon bekostig. Hoewel lede soos J.J. Wentzel van Christiana en J.J. van Rensburg van Boshof ongelukkig was omdat die opgaardam nie by Kromellenboog gebou sou word nie, het hulle die skema in sy geheel ondersteun.¹⁸ Verskeie lede van sowel die NP as die SAP-koalisie het egter skepties teenoor die bou van die besproeiingskema gestaan. Sommige het dit as te groot en te duur beskou en aangevoer dat dit beter sou wees om liever 'n aantal kleiner skemas as een grote te ontwikkel. Die afstand tussen die voorgestelde stoor- en die uitkeerdam was ook te groot en onnodig baie water sou daardeur verlore gaan. Nog 'n beswaar was dat die grond te arm en sanderig is en baie swaar bemes sou moes word. Amptenare wat die grond moes ontleed, het die grootste deel daarvan as klas 3 geklassifiseer.¹⁹ Winderosie kon ook maklik plaasvind sodra dit ontbos en bewerk word. Sommige dele, veral naby die Hartsvier, kon brak word onder besproeiing. L.D. Gilson van Griekwaland was van mening dat elke praktiese boer sou saamstem dat die skema "from the practical farming point of view" tot mislukking gedoem is "before you put the first plough into the ground and before you turn your first furrow."²⁰ Ander lede was weer van mening dat die klimaat en veral die strawwe winters nie vir akkerbou geskik is nie.

Daar was ook lede wat geglo het die skema sou die reeds bestaande oorproduksie van voedsel in die land vererger. Groter hoeveelhede voedsel sou dus teen 'n verlies uitgevoer

moes word waarvan die belastingbetaler die las moes dra. Dit sou beteken dat die regering boere subsidieer om tot verdere oorproduksie by te dra. Deur die fondse wat hy aan die skema wou bestee eerder vir nywerheidsontwikkeling aan te wend, sou die regering 'n groter bydrae tot die vermindering van werkloosheid lewer. Sommige parlamentslede het gereken dat die regering te haastig was om met die skema te begin. Grondontleding was byvoorbeeld nie voltooi nie en die permanente besproeiingskommissie het nog nie 'n verslag daaroor ingedien nie. Daar is ook geen proefnemings uitgevoer om vas te stel watter produkte verbou kon word nie. Volgens S.P. le Roux van Oudtshoorn kon 'n skema vir Blankes en een vir Swartmense langs mekaar selfs tot kompetisie aanleiding gee. Die Blankes sou verder geneig wees om van die Swartes in diens te neem wat tot sosiale vermenging en die uiteindelijke ondergang van die Blanke sou lei.²¹

Ten slotte is Deneys Reitz gekritiseer omdat hy in 1922, toe hy ook minister van Lande was, kroongrond in daardie gebied teen £1/2/6 per morg (0,86 hektaar) aan boere verkoop en die prys later met die helfte verminder het. Nou moes hy dieselfde grond weer ten duurste terugkoop. Eise wat boere ingestel het vir hul grond wat onteien is, het van £4 tot £12 per morg gewissel.²²

In teenstelling met diegene wat teen die beoogde besproeiingskema gekant was, het voorstanders daarvan aangevoer dat dit nie die doel van die skema was om voedselproduksie te verhoog nie, maar om aan armblankes 'n heenkome te bied. Tydens die bou van die twee damme, die kanale, paaie, huise vir setlaars en omheining van die persele sou werkgeleentheid vir langer as sewe jaar aan tussen 5 000 en 6 000 mense voorsien kon word. Na die voltooiing van die skema sou dit ook 'n permanente heenkome aan etlike duisende bied. Tydens die droogte van 1933 het miljoene diere gevrek. Die gedagte was dat boere op die skema hoofsaaklik voer vir tye van droogte sou produseer wat sou verhoed dat 'n soortgelyke ramp Suid-Afrika weer tref. Alhoewel die meeste van die grond as klas 3 geklassifiseer is, het die minister daarop gewys dat volgens die standaard van die departement, klas 3-grond nog baie goeie landbougrond is.²³

Onder die vurige voorstanders van die skema was W.B. Humphreys (SAP-lid vir Beaconsfield in die koalisie), I.v.W. Raubenheimer (NP-lid vir Kuruman in die koalisie) en dr. W.P. Steenkamp (onafhanklike lid vir Namakwaland). Eersgenoemde het onder meer gewys op die voordele wat so 'n projek vir Kimberley, met sy "hectic past", "stagnant present" en "very uncertain future" sou inhou. Hy was ook van mening dat Suid-Afrika se boerderyprobleme nie aan oorproduksie nie maar aan onder-konsumpsie te wyte was. Die armblankes wat deur die skema opgehef sou word, was almal potensiele verbruikers en belastingbetalers.²⁴ Ignatius Raubenheimer was ten nouste met die skema gemoeid: dit

¹³ USA, *Outline report*.

¹⁴ USA, *Debates of the House of Assembly*, 14.5.1934, kol. 3559.

¹⁵ USA, *Outline report*, p. 5.

¹⁶ *Diamond Fields Advertiser*, 3.11.1933.

¹⁷ USA, *Debates of the House of Assembly*, 14.5.1934, kol. 3562.

¹⁸ *Ibid.*, 15.5.1934, kol. 3603 en 3610.

¹⁹ USA, *Outline report*, bylae 3 en 5. Die grond is volgens geskiktheid vir besproeiing, in ses klasse verdeel. Klas 1 en 2 is as uitstekend vir besproeiing gegag en klas 5 en 6 as ongeskik daarvoor. Klas 3-grond is beskryf as "mostly sandy and will require much water to cultivate but on the whole we may consider it as suitable." (p. 12)

²⁰ USA, *Debates of the House of Assembly*, 14.5.1934, kol. 3569.

²¹ *Ibid.*, 15.5.1934, kol. 3594 e.v.

²² *Ibid.*, 14.5.1934, kol. 3558 en 15.5.1934, kol. 3588.

²³ *Ibid.* Kyk ook voetnoot 19 hierbo.

²⁴ *Ibid.*, 14.5.1934, kol. 3572.

het nie slegs deel van sy kiesafdeling uitgemaak nie, maar hy sou self ook sy plaas Vyeboomvlakte aan die Droëhartsrivier verloor aangesien dit in die gebied geval het wat aan die Swart bevolking van die Taung-reservaat, in ruil vir besproeiende grond, gegee sou word.²⁵

In 'n emosionele toespraak het Steenkamp die armoede van die Afrikaners op die platteland beskryf en gepleit dat hulle daar gehou moes word. Al sou gesinne op die skema nie veel geld maak nie, sou hulle minstens kos hê en nie honger hoef te gaan slaap nie. Op 'n vraag waar die geld vandaan sou kom om die skema te bou, het hy geantwoord dat die arm Namakwaland dit reeds voorsien het. Die eerste minister het immers by geleentheid belowe dat die wins uit die diamante wat in 1926 langs die weskus ontdek is, gebruik sou word om besproeiingskemas te bou. Intussen het die regering reeds meer wins uit die diamantbedryf gemaak as wat die Vaalhartsskema sou kos.²⁶ Op 15 Mei 1934 is die tweedesingsdebat afgesluit en die wetsontwerp met 'n groot meerderheid in beginsel aanvaar.²⁷

BEGIN VAN DIE SKEMA EN DORPSTIGTING

Nog voordat die "Vaalrivier Uitbreidingskema Wet" (Wet 38 van 1934) in al sy stadiums deur die parlement gevoer en op 1 Junie 1934 deur die goewerneur-generaal onderteken is, is met voorbereidings vir die bou van die twee damme en die hoofkanaal begin. Daar is hoofsaaklik van Blanke arbeiders gebruik gemaak, maar sedert 1938 is ook 'n aantal Swartes in diens geneem. In 1937, toe die Vaaldam nog in aanbou was, is wetgewing aanvaar waarvolgens die hoeveelheid water wat die Randwaterraad uit die dam sou kon gebruik, verhoog is. Hiervoor sou hy 'n verdere £280 000 tot die boukoste bydra wat sy aandeel op £520 000 (meer as die helfte van die Vaaldam se boukoste) te staan sou bring. Toe hy die wetsontwerp aan die parlement voorlê, het minister Reitz aangedui dat die Vaaldam genoeg water kon berg om in al die behoeftes van die Vaalhartsbesproeiingskema en dié van die Randwaterraad te voorsien. Volgens hom was dit feitlik ondenkbaar "that there can ever be a shortage."²⁸

Die Vaaldam is in Desember 1938 teen 'n koste van £1 664 000 voltooi, wat die aankoop van grond wat oorstroom sou word, ingesluit het. Skaars 'n maand later was die dam met sy 40 meter hoë wal en kruin van 504 meter lank die eerste keer vol. Die wal van die uitkeerdam bokant Veertien Strome (7,6 meter hoog en 763 meter lank) is teen die einde van 1935 voltooi en die uitgraving van die kanaal deur die hoofkanaal noordwaarts voortgegaan en in Desember 1936 kon die water tot by Andalusia vloei. Bouwerk aan die noordkanaal is in 1940 afgehandel, terwyl die weskanaal die volgende jaar voltooi is.²⁹

Plase wat vir die skema uitgekoopt moes word, was onder *Vaalhartsdam in aanbou.*



FOTO: DEPARTEMENT VAN WATERWESE

meer Andalusia, Dantjeshoop, Guldenschat, HV 17, HV 21, Iddesleigh, Jubilee Springs, Klipkopjes, Lazenby, Luxmore, Middelpaas, Marthinuspoort, Pokwani, Salisbury, Tadcaster, Townley, Trinidad, Valspan en Witteput.³⁰ Plaasienaars kon nog vir 'n geruime tyd op hul grond bly woon en elkeen kon ook 100 morg (85,7 hektaar) van sy plaas uithou waarvoor hy besproeiingswater sou ontvang. Die meeste van hierdie plases is deur die Bosmans, Van Niekerks en Van Zyls, wat onderling aan mekaar verwant was, opgekoopt. Teen November 1938 het die superintendent van die skema, dr. W.R. Thompson, gekla dat spekulasie met private grond baie probleme skep. So byvoorbeeld het D.B. Van Zyl 7 morg (6 hektaar) grond in blok A4 aan T.A. Theron verkoop en 1 morg (0,86 hektaar), met handelsregte, aan G. Sussman. Op sy beurt het Theron 'n gedeelte van die grond wat hy van Van Zyl gekoop het, aan Sussman herverkoop en 'n ander deel aan Josub Mohamed, 'n Indiër-handelaar van Warrenton.³¹

Die behoefte aan 'n dorp in die Vaalhartsbesproeiingsgebied het daartoe gelei dat die Kaaplandse dorpkomitee die skema op 21 en 22 Junie 1938 besoek het om ondersoek na die stigting van 'n dorp in te stel. Op die plaas Andalusia oos van Borderstasie het reeds 'n 'dorpie' met die naam Andalusia ontstaan waar werkers van die Departement van Besproeiing en die Departement van Lande gewoon het en kantore opgerig is. Die ontwikkeling van 'n selfstandige dorp waar handelaars hulle ook kan vestig, was egter noodsaaklik. In Maart 1939 is begin met die uitlê van die dorp Jankemp, die bou van administratiewe kantore vir die Departement van Lande en huise vir amptenare. Op 10 April 1939 het die minister van Lande, genl. J.C.G. Kemp, die hoeksteen van die staatsgebou gelê en terselfdertyd die stigting van die dorp Jankemp, wat na hom genoem is, bekend gemaak. Die kantore van die Departement kon in Augustus 1939 betrek word,³² dog met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is die ontwikkeling van die dorp gestaak omdat 'n interneringskamp daar opgerig is.³³ Eers in 1953 is dit weer, onder die naam Jan Kempdorp, gepronksamer.³⁴

²⁵ *Ibid.*, kol. 3559.

²⁶ *Ibid.*, 15.5.1934, kol. 3638.

²⁷ *Ibid.*, kol. 3651.

²⁸ *Ibid.*, 28.1.1937, kol. 850.

²⁹ G. WHYSALL, Vaalharts Irrigation Scheme, in L.S. ERASMUS (hoofred.), *Vaalharts-boërskooljaarblad* 1(1), Oktober 1944, p. 20.

³⁰ USA, *Debates of the House of Assembly*, 14.5.1934, kol. 3558.

³¹ DLG, lêer 411/97, Private land retained by ex-owners of farms purchased for the Vaalharts Settlement, pp. 36-37 : W.R. Thompson — Sekr. van Dept., 8.11.1938.

³² DLG, lêer 411/72/1 vol. I : Vorderingsverslag van die Superintendent, Vaalharts-nedersetting, Augustus 1939.

³³ *Ibid.* : Vorderingsverslae ..., Junie en November 1940.

³⁴ M. KELLY (red.), *Amtelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek*, 1986 (Greenside, 1987), p. 90.

Bou van die kanale by Vaalharts.



FOTO: DEPARTEMENT VAN WATERWESE



Kantore en huise vir amptenare op Andalusia, omstreeks 1935.
ERASMUS, DEPARTEMENT VAN WATERWES



Die grens tussen die Kaapprovinsie en Transvaal sny hier deur die skema en vir etlike jare het Andalusia in Transvaal en Jan Kempdorp in die Kaapprovinsie naas mekaar bestaan. Die spoorwegstasie het nog Border geheet maar die Nederduitse Gereformeerde gemeente is Vaalharts genoem. Dit het by vreemdelinge baie verwarring veroorsaak. (Vandag nog het Jan Kempdorp twee hoofstrate langs mekaar, een in die Kaapprovinsie en een in Transvaal.) Prakties gesproke was Jan Kempdorp en Andalusia een, maar die grenslyn wat deur die dorp loop, het plaaslike bestuur onmoontlik gemaak. Na herhaalde vesoeke deur die inwoners het die parlement Wet 40 van 1964 aanvaar wat bepaal dat die Transvaalse deel van die dorp vir alle munisipale doeleindes onder die Kaapprovinsie ressorteer.³⁵

In Oktober 1939 is begin met die uitlê van 'n dorp vir Swartmense aan die westekant van die spoorlyn en ook met die bou van huise by Ganspan vir die Departement Volkswel-syn. In 1941 het die Departement van Lande die dorp Harts-water naby Pokwanistasie uitgemaak, maar die erwe is eers in 1946 te koop aangebied. Hartswater het in 1960 munisipale status verkry en Jan Kempdorp in 1967.³⁶

EERSTE PIONIERS EN ONTWIKKELING

In 1937 het die Departement van Lande die boerderyge-deelte van die Vaalhartsskema begin ontwikkel deur die uitlê van persele en ontbossing en gelykmaak van grond. Huise is gebou, paaie geskraap en persele omhein. Die grond is eers in blokke van 180 morg (154 hektaar) verdeel en elke blok in ses persele van 30 morg (25,7 hektaar) elk. Op elke perseel is 'n netjiese woonhuis van sementblokke met 'n sinkstaandak en 'n oppervlakte van ongeveer 84 vierkante meter asook 'n platdaksinkskuur van 9 x 5 meter gebou. Sommige huise het drie en ander twee slaapkamers gehad. Langs die paaie en kanale is duisende populierbome aangeplant wat as windkerms kon dien. As gevolg hiervan het Vaalharts as die plek met die baie bome bekend geword.³⁷ Omdat hul

wortels die kanale beskadig het, is die meeste bome later uitgehaal.

Die komitee van beheer wat ook as keurkomitee gedien het, het bestaan uit W.R. Thompson, J.E. Steyn en C.W.J.A. Sandrock.³⁸ In Februarie 1938 het hulle die name van 30 kandidate en tien sekundi aan die minister voorgelê. Hy het twee kandidate se name geskrap en dié van W.J. Scholtz en J.S. Marais bygevoeg. Eersgenoemde was sewende op die lys van sekundi en Marais se naam het glad nie op die keurkomitee se lys verskyn nie. Van die 30 kandidate wat deur die minister goedgekeur is, het vyf nie die aanbod aanvaar nie. Daarna het nog twee sekundi bygekom.³⁹ Op 5 April 1938 het die eerste setlaar uit 'n groep van 27 op Vaalharts aange-
 kom en die laaste een het sy perseel op 20 Mei ontvang.⁴⁰

Die eerste groep het bestaan uit P.S. Bezuidenhout (4B6), R.M. Botha (1B4), R.U. Burger (1A5), P.J. de Wit (3B6), H.C. du Toit (3A5), B.H. Erwee (5B6), L.C. Holtzhauzen (1B6), C.H.S. Jacobs (6A5), M.J. Koekemoer (3B5), B.B. le Roux (4A5), G.W. Lombard (2A5), J.J.N. Marais (5B4), J.S. Marais (2B5), A.H. Meiring (3B4), T.C.L. Meyer (6B6), J.G. Noeth (4C4), G.J. Oberholzer (6B4), J.S.G. Oosthuizen (5B5), R.G. Pienaar (6A4), J.M. Rabie (2B6), J.J. Schoeman (4B5), H. Swanepoel (5A5), J.J. Trytsman (4B4), I.D. van den Berg (2B4), M.B.L. van der Vyver (1B5), C.A. Vorster (6B5) en D.J. Welgemoed (1C4).⁴¹ Elkeen van hulle is deur dieselfde

³⁵ Wet 40 van 1964. Kyk ook D.J. POTGIETER *et al.* (reds.), *Standard encyclopaedia of southern Africa* 6 (Kaapstad, 1972), p. 182.

³⁶ KELLY, *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek*, 1986, p. 90.

³⁷ J.J. DU PLESSIS, Vaalhartz-nedersetting, in ERASMUS, *Vaalhartz-boërskooljaarblad* 1(1), Oktober 1944, p. 22.

³⁸ Sandrock was sedert 1933 die resident-ingenieur by die Vaalharts-skema en Thompson is in 1937 deur die Departement van Lande daarheen gestuur.

³⁹ DLG, lêer 411/131, Vaalharts settlement : Minutes of meeting of Committee of Control, 15-6.2.1938.

⁴⁰ Kyk voetnoot 1 hierbo.

⁴¹ Die nommer agter elke naam dui die perseel aan wat die persoon ontvang het. Dit word algemeen aanvaar dat N.E. Brown van 5A4 ook een van die eerste groep was, dog hy het sy perseel eers op 2 Augustus 1938 ontvang.

probleme naamlik droogte, depressie, armoede en swaarkry na die Vaalhartsskema gedryf.⁴² Van oral in die land het hulle gekom — Noord-Kaapland, Namakwaland, Wes-Transvaal, die Vrystaat, Oos-Kaap en die Klein Karoo. Ander was afkomstig van Natal en Oos-Transvaal waar hulle by bosbouplantasies en die SA Spoorweë 'n heenkome gaan soek het.



C.W.J.A. Sandrock (1893-1964), resident-ingenieur by die Vaalhartsskema.
FOTO: MEJ. T.L. SANDROCK, PRETORIA

Die belangstelling om grond by die skema te kry, was groot en tot aan die einde van Maart 1939 is 1 693 aansoeke aan die keurkomitee voorgelê.⁴³ Elke proefhuurder het 'n span van ses osse of muile, trekgereedskap, tien melkkoeie, 'n ligte trollewa, 'n eenskaar-omslagploeg, 'n eg en tuingereedskap soos 'n graaf, spitwurk, hark en gieter ontvang. Enkeles het egter van hul eie diere wat die droogte oorleef het, saamgebring. Diere wat aan proefhuurders gegee is, is by omliggende plase aangekoop dog in Februarie 1939 het die Departement van Lande sy eie perde en muile begin teel. Vier maande later het die Departement se werkswinkels ook begin om self trollewaens te bou.⁴⁴

Vir die eerste ses maande is aan elke huurder 'n toelae van £3 per maand plus 12s.6d. vir elke kind, tot 'n maksimum van £5, betaal. Vir die volgende ses maande is die toelae met die helfte verminder.⁴⁵ Die Departement van Lande het 'n gedeelte van elke perseel ontbos en aanvanklik kon slegs tien morg (8,6 hektaar) bewerk word. Die res is vir weiding gebruik. Gesamentlike weikampe is ook beskikbaar gestel. Voorligtingsbeamptes het opleiding aan die boere verskaf en in 1938 is 'n landbounavorsingstasie net suid van Borderstasie langs die pad na Warrenton aangelê om die Departement en boere van raad te dien.⁴⁶ Boere het aanvanklik opdrag gekry om hoofsaaklik voer vir hulle diere te produseer. Dit het soms tot botsings tussen proefhuurders en voorligtingsbeamptes gelei omdat eersgenoemdes eerder kontantgewasse wou plant. Na 'n proeftydperk van minstens een jaar en 'n maksimum van vyf jaar sou huurders uitpasseer en kon hulle die persele koop.⁴⁷

Die eerste proefhuurders het dadelik begin om tussen-grensheinings te span, jong osse te leer en grond vir saaidoelindes gelyk te sleep. Elkeen het anderhalf sak koring en 'n sak rog gesaai. Verder het hulle krale gemaak, groentetuine aangelê en vrugtebome, wingerdstokke en windskerms geplant. Die eerste koringoes was skaars genoeg vir eie gebruik, maar 1939 se oes was meer as 6 000 sak, met gemiddeld nege sak per morg (0,86 hektaar) en 'n maksimum van agtien sak. Drie jaar later was die skema se koringoes 36 784 sak.⁴⁸

Probleme was daar legio. In April 1939 het 'n plaag lusernuspers, wat besonder erg vir dié tyd van die jaar was, die pas aangeplante lusernlande kaal gevreet. 'n Jaar later het in een maand ongeveer 80 perde en muile as gevolg van 'n perdesiekte-epidemie gevrek en 1941 se koringoes was teleurstellend vanweë 'n kwaai koringluisplaag. Teen aalwurm wat soms 'n hele aartappel-, tabak- of waatlemoenoes kon laat misluk, was daar toe nog geen middel nie. C.R. de Wet was die eerste om in Oktober 1938 sy okkupasie prys te gee en die skema te verlaat. Nadat J.M. Rabie van perseel 2B6 'n geruime tyd vir 'n maagseer onder doktersbehandeling was maar geen verbetering ingetree het nie, het die beheerkomitee op 16 Mei 1939 besluit om sy proefhuurtermyn te beëindig. Hy het om uitstel gepleit en wou ook nie die aanbod aanvaar om na die skema wat die Departement Volkswelsyn op Ganspan beplan het, oorgeplaas te word nie. Eers op 14 Februarie 1942 het hy sy perseel prysgegee en die skema verlaat. Op 3 Junie 1940 het J.F. Minnaar van perseel 6G15 en op 10 Desember 1941 H.C. du Toit van 3A5 selfmoord gepleeg.⁴⁹

Rivierwater uit die kanale is vir huishoudelike gebruik aangewend en alle inwoners moes gereeld insputtings ontvang om 'n moontlike maagkoorsepidemie te voorkom. Alhoewel die Departement van Besproeiing reeds in 1934 'n hospitaal opgerig het, was mediese dienste gebrekkig en die naaste dokters was op Christiana en Warrenton. In Februarie 1939 het die geneesheer van Christiana 'n geval van maagkoors op D.B. van Zyl se grond in blok A4 aangemeld. Sommige van Van Zyl se bure het melk en groente aan konstruksiewerkers gelewer en die gevaar het bestaan dat die siekte verder kon versprei. Die superintendent het egter gekla dat hy nie die nodige voorsorgmaatreëls kon tref nie omdat Van Zyl se grond nie onder sy beheer was nie.⁵⁰

Teen 31 Maart 1939 het 126 gesinne hulle reeds op die skema gevestig⁵¹ en 'n jaar later het die getal tot 304 aange-groei.⁵² Aan die einde van 1940 was daar ongeveer 360 boere op die skema. Die Tweede Wêreldoorlog was toe reeds meer as 'n jaar aan die gang en weens 'n tekort aan fondse

⁴² *Diamond Fields Advertiser*, 12.4.1938.

⁴³ U.G. 23/40, *Report of the Department of Lands for the year ended 31 March 1939* (Pretoria, 1939), p. 30.

⁴⁴ DLG, lêer 411/72/1 vol. I : Vorderingsverslae van die Superintendent, Februarie en Julie 1939.

⁴⁵ *Diamond Fields Advertiser*, 12.4.1938.

⁴⁶ *En die woestyn bloei - Vaalharts mondigwording 1938-1959* (plek en datum van uitgawe onbekend), p. 30; DLG, lêer 411/72/1 vol. I : Vorderingsverslag van die Superintendent, Mei 1938.

⁴⁷ DU PLESSIS, Vaalhartz-nedersetting, p. 23.

⁴⁸ DLG, lêer 411/72/1 vol. I : Vorderingsverslae van die Superintendent, November 1938 en Desember 1942 - Maart 1943.

⁴⁹ *Ibid.* : Vorderingsverslae ..., Oktober 1938, April 1939, April 1940, Januarie 1941, November 1941, Desember 1941 en Februarie 1942; DLG, lêer 411/131 J.K. : Notule van die Beheerkomitee, 16.5.1939.

⁵⁰ DLG, lêer 411/97, *Private land retained by ex-owners of farms purchased for the Vaalharts Settlement*, p. 47 : W.R. Thompson — Sekr. van Dept., 3.2.1939.

⁵¹ U.G. 23/40, p. 30.

⁵² U.G. 11/41, *Report of the Director of Irrigation for the period 1 April 1939 to 31 March 1940* (Pretoria, 1940), p. 29.



Kanaal by Vaalharts, ca. 1945.

FOTO: DEPARTEMENT VAN WATERWESE

is verdere ontwikkeling van die skema tydelik vertraag.⁵³ Daar is ook besluit om tot na die oorlog te wag met die toekenning van persele en dat teruggekeerde soldate voorkeur sou kry. Die uitbreek van die oorlog in September 1939 het Vaalharts se lot verander. Skielik was daar 'n groot vraag na voedsel en 'n mark vir landbouprodukte. Die belangrikste produkte wat verbou is, was koring, lusern, aartappels, grondbone, tabak, waatlemoene en spanspekke. Die standpunt van W.B. Humphreys in 1934, dat Suid-Afrika se boerderyprobleme nie aan oorproduksie nie maar aan onderkonsumpsie te wyte was, is toe korrek bewys. Tydens die oorlog het die regering selfs Italiaanse krygsgevangenes gebruik om van die persele wat nog nie uitgereik was nie, te bewerk en koring te produseer. Terwyl daar in die stede dikwels 'n tekort aan produkte soos vleis, botter, eiers en groente was, het Vaalharts so iets nie geken nie. Die twee interneringskampe wat by Andalusia en Ganspan gebou is, was 'n afsetgebied vir groente en vars melk. Baie van die proefhuurders het selfs verlof ontvang om by die weermag aan te sluit terwyl hul families op die persele aangebly het.⁵⁴

Besproeiingsboere het ook met ander probleme te kampe gehad. Die fratsstorm wat die land teen die einde van Augustus 1943 getref en met buitengewone swaar reën — veral vir dié tyd van die jaar — gepaard gegaan het, het ook op Vaalharts groot skade aangerig. Die 130 millimeter reën op Maandag 30 en Dinsdag 31 Augustus het die treinspoor, paaie en landerye op talle plekke laat verspoel en van die laagliggende persele was onder water.⁵⁵ Om soortgelyke rampe te voorkom en te verhoed dat van die persele versuipt, is daarna met die bou van dreinerings- en stormwatervore begin. Die afloopwater uit die kanale en dreineringslote het die Hartsrivier onderkant die skema in 'n standhoudende stroom omskep. By Spitskop, wes van Jan Kempdorp, is 'n dam met 'n grondwal gebou waaruit grond onderkant die dam langs die Hartsrivier besproei kon word.⁵⁶ (Tydens die vloed in die begin van 1988 het hierdie dam se wal oorstrom en weggespoel.)

In April 1940 het die komitee van beheer die name van twaalf proefhuurders aan die Departement gestuur wat na hul mening gereed was om selfstandig te boer en uitgepasseer kon word. Alhoewel die Landraad van mening was dat

die tyd daarvoor nog nie ryp was nie, het die minister goedkeuring verleen dat elf van hulle uitgepasseer word. In 1941 en 1942 is toestemming vir die uitpassering van onderskeidelik nog 27 en 115 proefhuurders verkry.⁵⁷ Die opmeet van die persele en waardasie van grond en eiendomme het egter so lank gesloer dat die uitpassering van die eerste groep van 151 huurders eers op 1 Julie 1943 plaasgevind het.⁵⁸ In daardie stadium was grondwaardasies per morg (0,86 hektaar) soos volg: vir sandgrond £10, leemagtige sand £12/10/0, sanderige leem £15, rooiagtige leem £17/10/0 en leemagtige swart turfgrond £20. Die meeste grond is as sandgrond geklassifiseer. Die waarde van huise was ongeveer £250, skure £50, koste van omheining £40, die skoonmaak van grond £40 en implemente en ander koste £100. Pryse van die eerste persele het tussen £700 en £800 gewissel, terwyl persele waarop 'n tabakskuur en droogoond gebou is teen sowat £400 en hoër gewaardeer is.⁵⁹

In die beginjare het die Departement van Lande alle boerderybelange op die skema behartig en selfs ook die boere se produkte bemark. Deur bemiddeling van die Departement het die Vaalharts Landboukoöperasie in 1944 met 'n aandeelkapitaal van £300 tot stand gekom. Die eerste bestuurder, T.W. Johnson, het net 'n paar maande gebly en is in Januarie 1945 deur P.J. Basson, 'n voormalige beampte van die Departement van Lande opgevolg. Die Departement het drie lede in die direksie benoem en Cas Coetzee is tot eerste voorsitter verkies. Nog in dieselfde jaar is hy deur H.J. le Roux opgevolg wat die amp tot 1953 beklee het. Die hoofkantoor wat eers op Tadcaster was, is later na Hartswater verskuif met takkantore op Tadcaster, Jan Kempdorp en Magoong.⁶⁰

⁵³ DIG, lêer 411/72/1 vol. I : Vorderingsverslae van die Superintendent, Junie en November 1940.

⁵⁴ *Ibid.* : Vorderingsverslag, Maart 1942.

⁵⁵ *Diamond Fields Advertiser*, 2.9.1943 en 4.9.1943.

⁵⁶ POTGIETER, *Standard encyclopaedia of southern Africa* 5 (Kaapstad, 1972), p. 448.

⁵⁷ DIG, lêer 411/202 vol. I : Uitpassering van proefhuurders.

⁵⁸ DIG, lêer 411/72/1 vol. I : Vorderingsverslag van die Superintendent, Julie - September 1943.

⁵⁹ DIG, lêer 411/202 vol. I : Uitpassering van proefhuurders.

⁶⁰ Geskiedenisoorisig van die Vaalharts Landbou Koöperasie, *Die Kanaal*, Desember 1956, p. 15.

ONDERWYS EN GODSDIENS

In April 1933 het die skoolraad van Barkly-Wes met 'n skooltjie vir Blanke kinders by Borderstasie begin. Die onderwyser was C.J. van Antwerpen en die klaskamer is in die kombuis van 'n tweevertrek-geboutjie ingerig. Paraffienkissies het as banke gedien en die vyf kinders wat die eerste dag opgedaag het, het spoedig tot veertien aangegroei. Enkele weke later is 'n hout-en-sinkklaskamer opgerig en met gerieflike skoolbanke toegerus. Toe in 1934 met die bou van die dam en kanale begin is, het die skoolgeboutjie spoedig te klein geword en is 'n nuwe primêre skool by Andalusia opgerig. In Julie 1936 is Van Antwerpen se skool met die een by Andalusia verenig en daarheen oorgeplaas. Die skoolgebou was 'n hout-en-sinkkonstruksie en met die koms van die eerste setlaars moes nog klaskamers bygevoeg word.⁶¹

In 1940 het 'n interneringskamp vir Duitsers net langs die skool tot stand gekom; en laasgenoemde is daarop na die A3-persele verskuif waar vier van die persele se woonhuise en sinkskure as klaskamers gedien het.⁶² Die geriewe was baie ontoereikend en by elke huis was daar byvoorbeeld slegs een putlatrine vir ongeveer 70 kinders.



Sinkstruktuur op perseel 5A3 wat van 1940 tot 1944 as klaskamer van die primêre skool op Andalusia gebruik is.

BYD. RTI LOMBARO

Op 27 Januarie 1941 is 'n hoërskool met leerlinge van st. 6 tot 8 geopen. Die eerste skoolhoof was J.A. Nel (onder die leerlinge en ouers as "Swart Nel" bekend. Twee jaar later het die skool sy eerste st. 10-klas bestaande uit agtien leerlinge gehad.⁶³ Tot 1944 het 'n tydelike sinkgebou as skool gedien. In daardie jaar kon die hoër- en laerskool hul nuwe skoolgeboue in gebruik neem. Met die oprigting daarvan is ook van Italiaanse krygsgevangenes gebruik gemaak.

Intussen het nog laerskole by Pokwani en The Willows (Magogong) tot stand gekom. In die begin van 1942 het die hoërskool (st. 6-9) 130 leerlinge gehad, die Laerskool Andalusia (tot st. 5) 246, Laerskool Pokwani (tot st. 6) 351 en Laerskool The Willows (tot st. 6) 78 leerlinge.⁶⁴ Dertien busse het 'n paar honderd kinders daagliks oor swak grondpaaie na en van die skole vervoer. Sommige hoërskoolleerlinge moes tot 100 kilometer op 'n dag aflê. In Junie 1943 is 'n koshuis (eers 'n tydelike sinkgebou) by die hoërskool geopen.

Toe die skema in 1959 sy 21ste bestaansjaar herdenk, was daar sewe laerskole (by Magogong, Hartswater, Pokwani, Tadcaster, Jan Kempdorp, Ganspan en Hartsvallei), twee hoërskole (by Jan Kempdorp en Hartswater) en een hoër landboukool. 'n Totaal van 106 leerkragte het hier aan 790 hoërskool- en 1 480 laerskoolleerlinge onderrig gegee. Van hierdie kinders is ongeveer 1 600 daagliks met 36 busse na en van die skole vervoer.⁶⁵

Voor die totstandkoming van die skema het lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in die gebied onder Warrenton en Christiana geressorteer en dié van die Gereformeerde Kerk onder Vryburg. Tydens die bou van die

dam en kanale het die NGK tydelike werkkragte soos prop. G.A. Weich (Februarie - April 1934), mnr. S. Liebenberg (Mei 1934 - Mei 1935), prop. S.N. Malan (Junie - Oktober 1935), ds. P.A. de Wet (November 1935 - April 1937), en ds. F.J.E. Theart (Mei 1937 - Maart 1938) gebruik om die werkers by die skema te bearbei.⁶⁶


In Junie 1938 is prop. C.J. Odendaal bevestig as medeleeraar van Warrenton met werkkragte Vaalharts. Daar is feitlik dadelik begin ywer vir die afstigting van 'n eie gemeente wat op 17 Mei 1941 plaasgevind het. Op Andalusia het 'n tydelike sinksaaltjie as kerk gedien totdat 'n kerkgebou in 1949 in gebruik geneem is. By Pokwani is in November 1943 begin met die bou van 'n kerksaal op perseel 6G8. Sels Engelssprekendes soos N.E. Brown van perseel 5A4 het hul kinders in die NGK laat doop.⁶⁷ In 1946 het die gemeente Hartswater afgestig, gevolg deur Noorderharts en Hartsvallei (1952), Hartskroon (1955) en Tadcaster (1960).⁶⁸

'n Gemeente van die Nederduitse Hervormde Kerk is in 1940 op Vaalharts gestig en in 1954 is 'n kerksaal op Hartswater in gebruik geneem. Die Gereformeerde Kerk Vaalharts het in 1945 van Vryburg afgestig en 'n kerksaal is op Hartswater gebou.⁶⁹

NA 'N HALFEEU

Die Vaalhartsstaatswaterskema wat in 1934 met soveel huiwering en skeptisisme begin is, het nie (soos aanvanklik beplan) slegs aan 'n paar duisend armblankes 'n heenkome gebied nie — met verloop van tyd het dit ook 'n ekonomiese en sosiale bate vir Suid-Afrika geword. Proefhuurders was binne enkele jare selfstandige boere en trotse grondeienaars. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die armlankevraagstuk geleidelik verminder en na afloop daarvan het die skema gedien om teruggekeerde soldate te hervestig.

Na voltooiing van die skema was daar ongeveer 1 250 persele wat saam met die besproeiingswerke by Taung 'n gebied van amper 40 000 hektaar beslaan. Van 'n ylbewoonde semi-woestyn het die Hartsvallei tot 'n digbewoonde en florerende streek ontwikkel met twee vooruitstrewende dorpe, tien skole en 'n hele aantal kerke vir Blankes.

Nywerhede vir die bewerking en bemarking van landbouprodukte is daarheen gelok en in 1984 was die landboukoöperasie se omset byvoorbeeld in die omgewing van R48 miljoen.⁷⁰ Omliggende dorpe soos Warrenton, Christiana, Vryburg en sels Kimberley trek voordeel uit die skema, terwyl boere in Noord-Kaapland, Wes-Transvaal en die Vrystaat voer vir hul vee daarvandaan kry. Vaalharts is ook vir die inwoners van die aangrensende Bophuthatswana 'n groot bate omdat dit aan hulle werkgeleenthede en 'n goeie bestaan bied. 

⁶¹ C.J. VAN ANTWERPEN, Daeraad, in ERASMUS, *Vaalharts-hoërskooljaarblad* 1(1), Oktober 1944, p. 15.

⁶² DLG, lêer 411/72/1 vol. 1: Vorderingsverslag van die Superintendent, Oktober 1940.

⁶³ Die Vaalharts-hoërskool 1941-1944, in ERASMUS, *Vaalharts-hoërskooljaarblad* 1(1), Oktober 1944, p. 10.

⁶⁴ USA, *Debates of the House of Assembly*, 13.3.1942, kol. 3759.

⁶⁵ *En die woestyn bloei* ..., p. 57.

⁶⁶ J.P. BOSMAN, Beknopte geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Vaalharts, in ERASMUS, *Vaalharts-hoërskooljaarblad* 1(1), Oktober 1944, p. 13.

⁶⁷ Nederduitse Gereformeerde Kerk Warrenton, Doopregister, 5.2.1939.

⁶⁸ G. JONAS (hoofsamsteller), *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 1967 (Kaapstad, 1966), pp. 215, 218, 221 en 223.

⁶⁹ *En die woestyn bloei* ..., pp. 37-38.

⁷⁰ KELLY, *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek*, 1986, p. 90.